

DEPARTEMENT VAN WATERWESE.

No. R. 1324.]

[30 Augustus 1963.

REGULASIES TEN OPSIGTE VAN ONDER-GRONDSEWATERBEHEERGEBIEDE.

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel *dertig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), het die Minister van Waterwese die volgende regulasies gemaak ten opsigte van die ondergrondsewater-beheergebiede, of gedeeltes van sodanige gebiede, wat in die Aanhangsel van hierdie regulasies genoem is, of wat van tyd tot tyd tot die gebiede aldus in voormelde Bylae genoem, bygevoeg word: —

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken: —

“boorgat” ’n gat wat in die aarde geboor is deur middel van ’n boormasjien met die doel om ondergrondse water te vind, uit te neem of te gebruik;

“gebied” ’n ondergrondsewaterbeheergebied of gedeelte van sodanige gebied soos vermeld in die Aanhangsel van hierdie regulasies;

“natuurlike fontein” enige fontein waardeur ondergrondse water op ’n natuurlike wyse na die oppervlakte vloei;

“put” ’n gat wat in die aarde gegrawe is op kunsmatige wyse anders as deur ’n boormasjien met die doel om ondergrondse water te vind, uit te neem of te gebruik;

“sekretaris” die Sekretaris van Waterwese of sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger;

“vloeiende boorgat” ’n boorgat waaruit ondergrondse water by voltooiing op ’n natuurlike wyse na die oppervlakte vloei;

“Wet” die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), en het enige ander uitdrukking waaraan ’n betekenis in die Wet geheg is, dieselfde betekenis wanneer dit in hierdie

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS.

No. R. 1324.]

[30 August 1963.

REGULATIONS IN RESPECT OF SUBTERRANEAN WATER CONTROL AREAS.

The Minister of Water Affairs has, under the powers vested in him by sub-section (2) of section *thirty* of the ~~Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956)~~, made the following regulations in respect of the subterranean water control areas, or portions of such areas, which are specified in the Annexure to these regulations, or which are from time to time added to the areas thus specified in the said Annexure:—

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates:—

“Act” means the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956);

“area” means a subterranean water control area or portion of such area as may be specified in the Annexure to these regulations;

“borehole” means a hole sunk into the earth by means of a boring machine for the purpose of locating, abstracting or using subterranean water;

“flowing borehole” means a borehole from which subterranean water flows naturally to the surface on completion;

“natural spring” means any spring by means of which subterranean water flows naturally to the surface;

“secretary” means the Secretary for Water Affairs, or his duly authorised representative;

“well” means a hole sunk into the earth by artificial means other than a boring machine for the purpose of locating, abstracting or using subterranean water;

and any other expression to which a meaning has been assigned in the Act, bears when used in these regulations

1. Enige persoon wat op die datum van afkondiging hierdie regulasies of, na gelang van die geval, op die datum waarop hierdie regulasies van toepassing gemaak word op 'n gebied, ondergrondse water uit 'n boorgat of 'n natuurlike fontein, geleë in sodanige gebied, uitneem gebruik, moet binne drie maande na die datum waarop hierdie regulasies op sodanige gebied van toepassing gemaak word, die volgende besonderhede skriftelik aan die sekretaris verstrek:—

- (i) Sy naam, permanente adres en 'n beskrywing wat aandui die naam van die eiendom, die nommer en datum van die transportakte en die grootte van die grond waarop die boorgat of put of natuurlike fontein geleë is en 'n plan wat hul ligging aandui;
- (ii) (a) die getoetste opbrengs in gellings per uur van 'n fontein of put of boorgat wat natuurlik uitvloei, en
(b) die getoetste maksimum opbrengs in gellings per uur, soos bepaal deur 'n pomptoets, van 'n nie-vloeiende boorgat of put of van 'n vloeiende boorgat of put waar sodanige boorgat of put aldus getoets is:

Met dien verstande dat die datums van sodanige toetse, besonderhede van die pomptoets en, waar die natuurlike uitvloei of gepompte opbrengs meer as een keer bepaal is, die betrokke gegewens vir elke sodanige toets verstrek moet word;

- (iii) waar 'n pompinstallasie oor 'n boorgat of put opgerig is, die hoeveelheid water wat sodanige pompinstallasie in staat is om per uur uit te neem;
- (iv) die grootte van die grond wat jaarliks besproei is met water uit die boorgat of put of natuurlike fontein en enige ander doel waarvoor die water gebruik is of sal word en moet verder, indien deur die sekretaris daartoe versoek, enige ander besonderhede wat hy mag voorskryf, verstrek;
- (v) die maksimum hoeveelheid water wat per dag, per maand en per jaar uitgeneem en nuttig gebruik word.

3. Enige sodanige persoon wat in regulasie 2 genoem word wat ondergrondse water uit 'n boorgat of put of natuurlike fontein voordelig en wettig gebruik, is nadat die besonderhede genoem in regulasie 2 aan die sekretaris verrek is, geregtig op 'n permit deur die Minister uitgereik op sodanige voorwaardes as wat hy goedvind om te stel, en hom in staat te stel om voort te gaan om die hoeveelheid water deur die Minister na eie goeddunke bepaal, en dit in die permit uiteengesit is, te gebruik.

4. Geen persoon mag, behalwe ooreenkomstig die voorwaardes van die permit uitgereik deur die Minister gevolgde regulasie 3, water uit 'n boorgat of put of natuurlike fontein gebruik na die tydperk van drie maande in regulasie 2 gemeld nie.

5. Die sekretaris kan enige boorgat of put of natuurlike fontein in regulasie 2 genoem, inspekteer en enige persoon wat die eiendom sodanige boorgat of put of natuurlike fontein geleë is, skriftelik versoek om sodanige handelinge verrig of sodanige uitrusting of toestelle aan te bring of sodanige veranderings aan sy pompinstallasies uit te voer, wat hy nodig ag vir die uitoefening van beheer oor die fontein en vir die beskerming teen besoedeling en bewaring van ondergrondse water, en by versuim om binne 'n tydperk in die bevel genoem daaraan te voldoen, self sodanige handeling verrig of sodanige uitrusting of toestelle aan te bring of sodanige veranderings aan dié pompinstallasies uit te voer en die koste daarvan op die betrokke persoon in 'n voegde hof verhaal.

6. (1) Geen persoon mag, behalwe soos bepaal in regulasie 3, of kragtens magtiging van 'n permit van die Minister en op sodanige voorwaardes as wat in dié permit uiteengesit is, in 'n ondergrondsewaterbeheergebied of 'n gedeelte van sodanige gebied ten opsigte waarvan hierdie regulasies van toepassing is—

- (a) 'n boorgat boor of put of fontein grawe, vergroot, dieper maak of verander vir die uitneem of gebruik van ondergrondse water nie; of

2. Any person who at the date of promulgation of these regulations or, as the case may be, at the date on which these regulations become applicable to an area, abstracts or uses subterranean water from a borehole or well or natural spring situate within such area shall, within three months of the date on which these regulations are made applicable to such area, in writing, communicate to the secretary, giving—

- (i) his name, permanent address and a description indicating the name of the property, the number and date of the title deed and the extent of the land upon which the borehole or well or natural spring is situated and a plan showing their situation;
- (ii) (a) the tested yield in gallons per hour of a spring or well or borehole, which flows naturally, and
(b) the tested maximum yield in gallons per hour, as determined by a pumping test, of a non-flowing borehole or well or a flowing borehole or well where such borehole or well has been so tested:

Provided that the dates of such tests, particulars of the pumping plant and, where the natural flow or pumped yield has been determined more than once, the relevant data for each such test shall be furnished;

- (iii) where a pumping installation has been erected over a borehole or well, the quantity of water which such installation is capable of abstracting per hour;
- (iv) the extent of land which was irrigated annually by means of water from the borehole or well or natural spring and any other purposes for which the water has been or is to be used and shall in addition, if required by the secretary, furnish any other particulars which he may specify;
- (v) the maximum quantity of water which is abstracted and beneficially used per day, per month and per year.

3. Any such person referred to in regulation 2 who is beneficially and lawfully using subterranean water from a borehole or well or natural spring shall, after the particulars mentioned in regulation 2 have been communicated to the secretary, be entitled to a permit to be issued by the Minister on such conditions as he may deem fit to impose, to enable him to continue to use the quantity of water determined by the Minister at his discretion, and specified in the permit.

4. Except in accordance with the terms and conditions of a permit issued by the Minister in terms of regulation 3, no person shall use water from a borehole or well or natural spring after the period of three months mentioned in regulation 2.

5. The secretary may inspect any borehole or well or natural spring referred to in regulation 2 and in writing require any person on whose property such borehole or well or natural spring is situated to do such acts or affix such fittings or appliances or carry out such alterations to his pumping installations as he may consider necessary for exercising control over abstraction and for the protection against pollution and preservation of subterranean water and, in default of compliance with such requirements within a period specified in the order, himself do such acts or affix such fittings or appliances or carry out such alterations to such pumping installations and recover the cost thereof from the person concerned in any competent court.

6. (1) Except as provided in regulation 3, or under the authority of a permit from the Minister and on such conditions as may be specified in that permit, no person shall, in a subterranean water control area or a portion of such area in respect of which these regulations are applicable—

- (a) sink, enlarge, deepen or alter a borehole or well or spring for the abstraction or use of subterranean water; or

(2) Enige persoon wat aansoek doen om 'n permit om 'n boorgat te boor of 'n put of fontein te grave, te vergroot, dieper te maak of te verander of om ondergrondse water uit te neem of te gebruik in 'n ondergrondse-waterbeheergebied of gedeelte van sodanige gebied ten opsigte waarvan hierdie regulasies van toepassing is, moet, benewens die besonderhede vermeld in regulasie 2, 'n plan volgens skaal voorlê wat die terrein waar die boorgat of put of fontein geleë is of geboor of gegrawe gaan word of waar die water uitgeneem of gebruik gaan word, na gelang van die geval, en die terreine van enige bestaande boorgate of putte of fonteine op die betrokke eiendom, aantoon.

7. Die voorwaardes uiteengesit in enige permit kragtens regulasie 6 kan bepalinge insluit ten effekte dat—

- (i) die boorgat of put so uitgevoer moet wees dat dit die ontsnapping van water ondergronds daaruit voorkom, en die voering daarin toegerus moet word met 'n toestel wat sal toelaat dat die vloei van die water behoorlik gereël kan word en sodanige toestel moet van 'n tipe wees wat deur die sekretaris goedgekeur is;
- (ii) geen groter hoeveelheid as dié uiteengesit in die uitgereikte permit uitgeneem of toegelaat mag word om uit die boorgat of put te vloei nie;
- (iii) besonderhede betreffende die totale daaglikse en maandelikse vloei of uitneem en die statiese hoogte van die water of die geslote drukking (synde die waterdruk by bekhoogte van boorgat gemeet nadat die afsluitklep toegemaak is en 'n konstante maksimum druk opgebou het), na gelang van die geval, in die boorgat of put of fontein aan die sekretaris voorgelê moet word teen die 15de van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan die besonderhede verkry is;
- (iv) in die geval van 'n nuwe boorgat of put wat geboor of gegrawe gaan word, verteenwoordigende monsters van die kerns wat gedurende die boor of grawe van die boorgat of put verkry is, by elke verandering in formasie, met die diepte van sodanige verandering vanaf die oppervlakte, aan die sekretaris verstrekkend moet word;
- (v) waar 'n vloeiende boorgat geboor word, die boorman, voor die boormasjien van die terrein verskuif word, die boorgat so moet verseël dat uitwaartse vloei na die formasie nie kan plaasvind as die afsluitklep toegemaak word nie en dat dit ook die plig van die boorman is om 'n afsluitklep, van 'n tipe deur die sekretaris goedgekeur, aan te sit;
- (vi) 'n nuwe geslaagde boorgat van 'n vloeimeter, van 'n tipe deur die sekretaris goedgekeur, voorsien moet word;
- (vii) boorgate of putte op so 'n wyse beskerm moet word dat besmetting of besoedeling voorkom word.

8. Die bepalinge van regulasie 5 is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met enige boorgat of put of natuurlike fontein ten opsigte waarvan 'n permit kragtens regulasie 6 deur die Minister uitgereik is.

9. Enige persoon wat hierdie regulasies oortree, is by skuldigbevinding strafbaar soos in subartikel (3) van artikel honderd-en-sewentig van die Wet voorgeskryf.

AANHANGSEL.

1. Die Kroondal-Marikana-ondergrondsewaterbeheergebied omskryf in Proklamasie No. 180 van 12 Julie 1963.

2. Daardie gedeelte van die dolomitiese geologiese gebied, omskryf in Proklamasies Nos. 68 en 69 van 4 April 1913, afgekondig in *Staatskoerant* No. 35 van 4 April 1913, welke gebied kragtens subartikel (2) van artikel agt-en-twintig van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), geag word 'n ondergrondsewaterbeheergebied te wees en wat uit die volgende plase bestaan:—

Afdeling Mafeking, provinsie Kaap die Goeie Hoop.
Die plaas Springvalley Maf. F.3-1.
Distrik Lichtenburg, provinsie Transvaal.

(2) Any person applying for a permit to sink, enlarge, deepen or alter a borehole or well or spring or to abstract or use subterranean water in a subterranean water control area or a portion of such area in respect of which these regulations are applicable, shall, in addition to the particulars mentioned in regulation 2, submit a scale plan showing the site where the borehole or well or spring is situated or is to be sunk or where the water is to be abstracted or used, as the case may be, and the sites of any existing boreholes or wells or springs on the property concerned.

7. The conditions specified in any permit under regulation 6 may include provisions to the effect that—

- (i) the borehole or well shall be so cased as to prevent the escape therefrom of water underground and the casing therein shall be fitted with an appliance enabling the flow of the water to be properly regulated and such appliance shall be of a type approved by the secretary;
- (ii) no water in excess of the quantity specified in the permit issued shall be drawn or allowed to flow from the borehole or well;
- (iii) particulars regarding the total daily and monthly flow or abstraction, and the static level of the water or the shut-in pressure (being the water pressure measured at the collar elevation of borehole after the shut-off valve has been closed and a constant maximum pressure has built up), as the case may be, in the borehole or well or spring shall be submitted to the secretary by the 15th of the month succeeding the month in respect of which the particulars were obtained;
- (iv) in the case of a new borehole or well to be sunk, representative samples of the cuttings obtained during the sinking of the borehole or well, at each change of formation, with the depth from surface of such change, shall be furnished to the secretary;
- (v) if a flowing borehole is drilled, the driller shall, prior to moving the drill from the site, so seal the borehole that outward flow to the formation cannot take place when the shut-off valve is closed and that it shall also be the duty of the driller to fit a shut-off valve of a type approved by the secretary;
- (vi) a new successful borehole shall be fitted with a flow meter of a type approved by the secretary;
- (vii) boreholes or wells shall be protected in such a manner as to prevent contamination or pollution.

8. The provisions of regulation 5 shall *mutatis mutandis* apply in regard to any borehole or well or natural spring in respect of which a permit has been issued by the Minister under regulation 6.

9. Any person who contravenes these regulations shall upon conviction be liable to the penalties prescribed by sub-section (3) of section *one hundred and seventy* of the Act.

ANNEXURE.

1. The Kroondal-Marikana Subterranean Water Control Area as defined in Proclamation No. 180 of 12th July, 1963.

2. That portion of the dolomitic geological area defined in Proclamations Nos. 68 and 69 of 4th April, 1913, published in *Government Gazette* No. 35 of 4th April, 1913, which area is, in terms of sub-section (2) of section *twenty-eight* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), deemed to be a subterranean water control area, comprising the following farms:—

Division of Mafeking, Province of the Cape of Good Hope.
The farm Springvalley Maf. F.3-1.
District of Lichtenburg, Province of the Transvaal.

Die plase:—

Mooimeisjesfontein	22
Doorn	365
Valleifontein	80
Grootfontein	81
Vasgeknyp	328
Verlies	221
Elizabeth	215
Trekdrift	360
Vaalkopje	293
Witkoppies	269

Distrik Marico, provinsie Transvaal.

Die plase:—

Mallepoos-oog of Nooitgedacht ...	332
Zeekoegat	331
Uitzicht	212
Klipplaat	217
Doornplaat	337
Weltevreden	338
Rietvallei	112
Bultfontein	103
Putjieslaagte	52
Olivendraai	113
Welbedacht	100
Kareebosch	108
Wagendrift	339
Grootvallei	105
Benadeplaats	166

en bekend is as die Bo-Molopo-ondergrondsewaterbeheer-
gebied.

The farms:—

Mooimeisjesfontein	22
Doorn	365
Valleifontein	80
Grootfontein	81
Vasgeknyp	328
Verlies	221
Elizabeth	215
Trekdrift	360
Vaalkopje	293
Witkoppies	269

District of Marico, Province of the Transvaal.

The farms:—

Mallepoos-oog or Nooitgedacht ...	332
Zeekoegat	331
Uitzicht	212
Klipplaat	217
Doornplaat	337
Weltevreden	338
Rietvallei	112
Bultfontein	103
Putjieslaagte	52
Olivendraai	113
Welbedacht	100
Kareebosch	108
Wagendrift	339
Grootvallei	105
Benadeplaats	166

and known as the Bo-Molopo Subterranean Water Con-
trol Area.